## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping

"Geskiedenis van die Bybel" 2 November 2013

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

Woonadres

______________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

## TIENDE MAAND IS DANKOFFER-MAAND

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 13 Oktober 2013

## SPIRITUELE INTELLIGENSIE
## "KONINKRYK VAN GOD"

## STILTE IN DIE KAPEL


~ WITH THIS LOVE — PETER GABRIEL ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

God is lig, die mees Hoogste,
die Onbeskryflike,
God kan nie begryp word met die verstand
of met gesproke lippe nie,
God is die Gewer van Lewe van elke
vorm van lewe. God is die wêreld van
spirituele intellek;
wat die son is vir ons sonnestelsel.
Hy sal die goddelike laat
weerkaats in ons gedagtes,
tot so 'n mate
dat ons daardeur geheilig en gereinig word.
(Gregorianus van Nizea)

### - STILTETYD -

# SPIRITUELE INTELLIGENSIE




IQ: Intellectual Intelligence
EQ: Emotional Intelligence
SQ: Spiritual Intelligence

IQ + EQ in domain of EGO
[Everything we are aware of]
Thoughts, Perceptions, Emotions, Memories, Self-Image, Beliefs, Experience.
SQ = SOUL [Spiritual Awareness]
Wisdom, Truth, Compassion, Integrity, Joy, Love, Creativity, Peace. Respond, not Reacting. Reflecting, not Projecting

*Dit is die vermoë om om te gaan met die lewe (consciousness) op 'n betekenisvolle manier (awareness) waarin ons ons aksies en reaksies in 'n groter, ryker, betekenisvolle konteks sien (presence) sodat ons met liefde, aanvaarding, respek, lojaliteit, en seëninge (awakening) ons skuldgevoelens oor 'n verlede, en vrese oor die toekoms sal laat los vir 'n herinnering wie ons werklik is (rebirth).*

H.E.A.R.T

**H**onesty ... **E**mpowerment ... **A**wareness ... **R**esponsibility ... **T**ruth

=====================================================

IQ — **NOTICE** … Notice the subject of attention
(notice that attention has two poles)

EQ — **FEEL** … Feel the qualities of feeling-awareness itself
(using the still points of the breath cycle)

SQ — **BEING** … Be feeling-awareness itself
(breathe in at the subject-pole of attention)

Dít is die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, (διάνοια (dianoia)**MIND**: fakulteit van verstaan/voel) op hul harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. (Hebreërs 8:10)

Jesus vermaan dat as ons die onskuld en ontvanklikheid van 'n kind verloor, sal ons die Koninkryk van God nie sien nie (Matt 18:3); hy nooi om eers die Koninkryk van God te soek en nie besorg wees oor al ons genoegens nie (Matt 6:33); hy gee 'n belofte dat die insig in die misterie van Koninkryk aan ons gegee is (Mark 4:11); en hy stel dit onomwonde dat die Koninkryk van God is IN en OM ons (Luk 17:7).

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ SOLO CON TE — SARAH BRIGHTMAN ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Dit was God wat gesê het: Laat daar LIG wees.
En skielik was daar LIG.
So—as sy LIG spiritueel in die harte van mense skyn,
soos 'n ligstraal of die magtige son
wat dink jy kan HY doen
as Hy die siel van 'n dissipel aansteek,
dink jy nie Hy kan dit aansteek
tot 'n perfekte verstaan van God nie —
en volmaak teenwoordig wees in die siel nie?
(Simeon — die nuwe teoloog 949-1022 nC)

*Ons Vader wat in ons is ... Heilig is U naam "EK IS WAT EK IS"*
*U koninkryk is IN en OM ons want U is IN en OM ons.*
*Openbaar vandag aan ons 'n spirituele begrip. Môre vra ons weer!*
*Gee aan ons insig (wysheid) en uitsig (waarheid)*
*Leer ons om te vergewe sodat ons onsself vry kan maak*
*van vrees en skuldgevoelens om sodoende versoen te word met U.*
*Laat ons in U alleen glo O God —*
*laat geen ander mag of krag dit verduister nie.*
*O God — U is die koninkryk waarin ons leef.*
*O God — U is die enigste krag wat ons erken.*
*O God — U is die heerlikheid van alles wat is.*
*Lewe is ewig — Liefde is alomteenwoordig*
*Wys ons hoe Here, wys ons hoe!*

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

OGNUNO SOFFRE (EVERYBODY HURTS)
— JONATHAN & CHARLOTTE —